# In memoriam
# JOHN KANNEMEYER
## (1939-2011)

Die bekende literatuurhistorikus, biograaf en edisie-wetenskaplike prof J.C. Kannemeyer is op 25 Desember 2011 oorlede enkele dae nadat hy die finale weergawe van sy biografie oor J.M. Coetzee aan sy redakteur Hannes van Zyl gepos het. Die stipte afhandeling van sy finale projek was tekenend van die werksetiek wat sy lewe gekenmerk het.

John Kannemeyer is op 31 Maart 1939 in Robertson, Suid-Afrika, gebore waar hy skoolgaan en matrikuleer. Vanaf 1957 studeer hy aan die Universiteit van Stellenbosch waar hy uiteindelik sy doktorale proefskrif, *Die stem in die literêre kunswerk* (1964), onder leiding van D.J. Opperman voltooi. Vanaf 1962 tot 1987 doseer hy aan verskillende Suid-Afrikaanse universiteite: die Universiteit Kaapstad (1962-1968), die Randse Afrikaanse Universiteit (1969-1972), die Universiteit Kaapstad (1973-1974), die Universiteit Stellenbosch (1974-1981) en die Universiteit Witwatersrand (1982-1987). Vanaf 1988 werk hy vir vier jaar as senior navorsingspesialis aan die Instituut vir Taal en Kunstenavorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing in Pretoria voordat hy in 1992 terugkeer na Stellenbosch om hom voltyds te wy aan sy eie navorsing en skryfwerk. In hierdie periode onderneem hy naas sy uitgebreide navorsing ook studiebesoeke aan Nederland en Pole waar hy as besoekende professor kursusse aanbied. Vanaf 1993 lei hy ook saam met Wium van Zyl 'n reeks literêre toere sodat daar meermale van hom gesê word dat hy geen ivoortoring-akademikus is wat nie sy kennis en ervaring met die breër publiek deel nie. In 2003 word hy aangestel as buitengewone professor in die Departement Afrikaans en Nederlands van

die Universiteit van Stellenbosch. In hierdie hoedanigheid begelei hy nagraadse studente in die edisiewetenskap en berei hy saam met sy studente verskillende uitgawes van dokumente-materiaal voor vir publikasie.

John Kannemeyer het hom in die loop van sy lang en produktiewe loopbaan onderskei op verskillende terreine. As literêre ondersoeker het hy ʼn groot aantal belangrike artikels, boeke, inleidings tot die letterkunde en bloemlesings met kommentaar gepubliseer waaronder die bekendste werke waarskynlik *Die stem in die literêre kunswerk* (1964), *Op weg na Welgevonden* (1970), *Figuur en fluit* (1992) en *Die gespitste binneblik* (1995) is. Hiernaas het daar ook ʼn groot aantal bundels met kritiese opstelle verskyn, waarvan *Opstelle oor die Afrikaanse drama* (1970), *Konfrontasies* (1977), *Getuigskrifte* (1989) en *Ontsyferde stene* (1996) slegs enkele voorbeelde is. Kannemeyer het ook bekendheid verwerf as die redakteur en versorger van verskillende skrywers se werk. Hy redigeer die werk van Uys Krige, D.J. Opperman, Elisabeth Eybers, Etienne Leroux en Kees Konyn en stel ook die versamelde gedigte van C. Louis Leipoldt en Uys Krige saam. Hiernaas is daar ook publikasies gerig op skoolgebruik soos *Verse vir die vraestel* (1998). As literêre kritikus en meningsvormer het hy deur middel van sy artikels, resensies en deelname aan polemieke ʼn bydrae gelewer tot die Afrikaanse literêre diskoers.

Sy grootste bekendheid het hy waarskynlik verwerf as literatuurhistorikus wat verantwoordelik was vir die twee-delige *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* (1978, 1983), later opgevolg met die meer beknopte weergawes *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987* (1988) en *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004* (2005) waarin nuwe materiaal verwerk is. Sy bydrae as literêre biograaf vloei voort uit sy bemoeienis met die Afrikaanse literatuurgeskiedenis en begin met die publikasie van sy biografie oor Opperman in 1986. Dit is opgevolg met ʼn reeks biografieë oor Peter Blum, C.J. Langenhoven, C. Louis Leipoldt, Uys Krige, Jan Rabie en Etienne Leroux. Die biografie oor J.M. Coetzee sal in die loop van 2012 verskyn. Sy eie lewe beskryf hy in *Die rym neem ook ʼn hele lewe in beslag* (1990) waarin hy verslag doen van sy ervaring van die letterkunde en die literêre lewe in Suid-Afrika.

John Kannemeyer se navorsingsprojekte het telkens ʼn verskeidenheid publikasies opgelewer. Voorbeelde hiervan was die begeleidende teoretiese artikels by sy literatuurgeskiedenisse en biografieë, die saamstel van bloemlesings uit die werk van skrywers oor wie sy biografieë gehandel het en die beskikbaarstelling van dokumente, veral in die vorm van publikasies wat skrywersbriewe en ander dokumente bevat.

Vir hierdie werk is hy op verskillende wyses bekroon en erken. In 1988 ontvang hy die Gustav Preller-prys vir Literêre Kritiek, in 1996 en 2000 die Recht Malan-prys vir sy biografieë oor Langenhoven en Leipoldt onderskeidelik en in 2000 die Helgaard Steyn-prys vir sy Leipoldt-biografie. In 2003 ken die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns die N.P. van Wyk Louw-medalje aan hom toe en in 2009 word hy deur sy alma mater vereer met 'n ere-doktorsgraad.

John Kannemeyer se toewyding aan sy navorsingstaak was legendaries en sy byna onverbiddelike liefde vir die Afrikaanse letterkunde het geen gelyke geken nie. Sy dood laat 'n leemte wat nie gevul sal kan word nie.

Louise Viljoen

# In memoriam
# JOHN KANNEMEYER
## (1939-2011)

The renowned literary historian, biographer and editorial scientist prof. J.C. Kannemeyer passed away on 25 December 2011, a few days after he sent the final version of his biography of J.M. Coetzee to Hannes van Zyl, his publisher. The punctual completion of this final project is characteristic of the work ethic which distinguished his life.

John Kannemeyer was born on the 31st of March, 1939, in Robertson, South Africa, where he attended school and matriculated. In 1957 he commenced his studies at the University of Stellenbosch, where he completed his doctoral dissertation, *Die stem in die literêre kunswerk* [The Voice in the Literary Work of Art] (1964), under the guidance of D.J. Opperman. From 1962 until 1987 he lectured at various South African universities: the University of Cape Town (1962-1968), the Rand Afrikaans University (1969-1972) and the University of the Witwatersrand (1982-1987). From 1988 he worked as senior research specialist at the Institute for Language and Arts Research of the Human Sciences Research Council, before returning to Stellenbosch in 1992 to devote himself fully to his own research and writing. During this period he also undertook study tours on top of his extensive research; in the Netherlands and Poland he presented courses as visiting professor. From 1993 he led a series of literary tours with Wium van Zyl, sharing his knowledge with the broad public and confirming the fact that he was no ivory tower academic. In 2003 he was appointed extra-ordinary professor of the Department of Dutch and Afrikaans at the University of Stellenbosch. In this capacity he guided post-graduate students in editorial science and together they prepared various editions of documentary material for publication.

John Kannemeyer distinguished himself on various terrains throughout his long and productive career. As literary researcher he published a large collection of important articles, books, introductions to literature and anthologies with commentary. Some of the best-known are probably *Die stem in die literêre kunswerk* [The Voice in the Literary Work of Art] (1964), *Op weg na Welgevonden* [On the Way to Welgevonden] (1970), *Figuur en fluit* [Figure and Flute] (1992) and *Die gespitste binneblik* [The Sharpened Introspective] (1995). In addition, he published several collections of critical essays – a few examples are *Opstelle oor die Afrikaanse drama* [Essays on Afrikaans Drama] (1970), *Konfrontasies* [Confrontations] (1977), *Getuigskrifte* [Testimonials] (1989) and *Ontsyferde stene* [Deciphered Stones] (1996). Kannemeyer was also well-known as editor and text consultant on the work of several important authors. He edited the work of Uys Krige, D.J. Opperman, Elisabeth Eybers, Etienne Leroux and Kees Konyn, and compiled the collected works of C. Louis Leipoldt and Uys Krige. Publications for use in schools included *Verse vir die vraestel* [Poems for Exam Papers] (1988). As literary critic and opinion former he made an important contribution to the Afrikaans literary discourse via his articles, reviews and participation in debates.

He is surely most famous for his work as a literary historian, where he was responsible for the two-part *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* [History of the Afrikaans Literature] (1978, 1983), later followed by the more concise versions *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987* [The Afrikaans Literature 1652-1987] (1988) and *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004* [The Afrikaans Literature 1652-2004] (2005), which also included new material. His contribution as literary biographer was a natural extension of his engagement with the Afrikaans literary history and started with his biography of Opperman in 1986. This was followed by a series of biographies: of Peter Blum, C.J. Langenhoven, C. Louis Leipoldt, Uys Krige, Jan Rabie and Etienne Leroux. The biography of J.M. Coetzee will appear in 2012. His own life is documented in *Die rym neem ook 'n hele lewe in beslag* [The Rhyme Takes up a Whole Life] (1990), where he reported on his experiences of literature and literary life in South Africa.

John Kannemeyer's research projects frequently produced several publications. Examples are the accompanying theoretical articles to his literary histories and biographies, the compilation of anthologies from the work of writers of whom he wrote biographies, and the provision of documents, especially as publications containing writers' letters and other documents.

Several times he was acknowledged and awarded prizes. In 1988 he received the Gustav Preller prize for Literary Criticism, in 1996 and 2000 the Recht Malan prize for his biographies of Langenhoven and Leipoldt respectively and in 2000 the Helgaard Steyn prize for his Leipoldt biography. In 2003 the South African Academy of Arts and Sciences awarded the N.P. van Wyk Louw medal to him and in 2009 his alma mater awarded him an honorory doctorate.

John Kannemeyer's devotion to his research was legendary, and his almost relentless love for the Afrikaans literature was unequalled. His death leaves a void which cannot be filled.

Louise Viljoen

# In memoriam
# JOHN KANNEMEYER
## (1939-2011)

**Papierblom**
***(by die dood van J.C. Kannemeyer)***

Toe hulle die deur oopbreek
stroom hulle deur klein gangetjies wat tussen
die kordate boekrakke en kombinasiemeubels ontstaan het
na binne

die voorste bruin brandweerman wat die eerste in die slaapkamer kom
sien hom lê
op sy bed
′n witman van postuur
ontdaan van statuur
op sy eie
daar
weerloos soos ′n gevalle olifant

lyk
die halfgeopende mond
op ′n swart wond
en gaap dit donkerder?
(want donkerder is die bloed wat uitstroom
nadat dit die olifantsgeheue eers vertroebel het
om daarna finaal uit te wis)
– wonder die voorste bruin brandweerman

terwyl die ander met die draagbaar maneuvreer
en hy vir ʼn oomblik die man se wit kaalkop
bebloede wang en gapende mond van digby betrag, dink hy
skielik aan die heftige kleur van bougainvilleas
teen die witkalk van sy eie huis
(of soos sy vrou altyd sê: papierblomme)

wanneer hy sy blik van die katel afwend sien hy dat die hele huis
vol boeke geprop is
muurkaste, staankaste, hoekkaste
en hy aanskou die baie boeke op broos papier
voor hy weggaan

Jerzy Koch